



SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

Jong werkende lede

JW Bepalings en Voorwaardes

(Soos voorgestel op 19 Oktober, voorgestelde veranderings in naspeurmodus “track changes” aangedui.)

(Voorgestel na inset deur Hennie Bierman en alle adjunk-sekretarisse van Solidariteit)

Bepalings en voorwaardes:

'n Jongwerkendelid (JW-lid) is 'n Solidariteit-lid tussen die ouderdom van 18 (agtien) en 25 (vyf en twintig) jaar, ongeag of die persoon tans studeer, praktiese opleiding doen, of reeds werksaam is. Om vir Solidariteit Jeuglidmaatskap vir jong werkendes (JW-lidmaatskap) te kwalifiseer, sal die volgende bepalings en voorwaardes van toepassing wees:

1. Solidariteit verskaf interne bystand aan JW-lede ten opsigte van griewe en dissiplinêre verhore in die werkplek. Hierdie voordele moet vervolgens verstaan word:
 - 1.1. Regsdienste: Solidariteit bied 'n telefoniese regshulpdiens aan lede.
 - 1.2. Arbeidsregshulp: Solidariteit verskaf gratis regsbystand indien daar beroepsverwante sake in die werkplek ontstaan. Sake oor diskriminasie en onbillike aflegging, asook kontraktuele eise word op meriete aanvaar. JW-lede kwalifiseer nie vir eksterne verteenwoordiging, byvoorbeeld by sake wat voor die KVBA of voor 'n hof dien nie.
 - 1.3. Siviëlregtelike advies: Solidariteit bied telefoniese siviëlregtelike advies aan lede.



www.solidariteit.co.za

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: diens@solidariteit.co.za

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

2. Verteenwoordiging by die KVBA, bedingingsrade en die arbeidshof, word nie by JW-lidmaatskap ingesluit nie, soos in 1.2 aangetoon is. Verwys na punt 4 vir bepalings en voorwaardes i.t.v. opgradering na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap.
3. Indien 'n potensiële lid tussen die ouderdom van 18- en 25-jaar is en by 'n kollektiewe maatskappy werksaam is, sal die JW-lidmaatskap nie van toepassing wees nie, omrede die lid reeds alle voordele wat in die ooreenkoms met die kollektiewe maatskappy vervat is, geniet.
4. Indien die JW-lid opgradeer na volledige Solidariteit-lidmaatskap, sal die volgende wagperiodes op arbeidsregsverteenwoordiging van toepassing wees:
 - 4.1. Indien 'n JW-lid vir langer as 3 (drie) maande 'n lid was, mag hy of sy sonder 'n wagperiode opgradeer na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap. Hierdie bepaling is tipies van toepassing as 'n kwessie tydens JW-lidmaatskap ontstaan, wat volwaardige voordele benodig.
 - 4.2. Indien 'n JW-lid met 'n bestaande probleem aangesluit het, sal die lid nie deur die voordele van volwaardige Solidariteit-lidmaatskap vir hierdie spesifieke saak gedek word nie.
 - 4.3. Indien die lid vir minder as 3 (drie) maande 'n JW-lid was, sal die wagperiode van toepassing wees vanaf die dag van aansluiting as JW-lid. Met ander woorde, indien die JW-lid twee maande voor hy of sy na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap opgradeer as JW-lid aansluit, sal die lid 'n maand wagperiode hê.



www.solidariteit.co.za



5. Dit bly elke lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle lidmaatskapsgeld op datum is.
6. Geen JW-lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om vir die voordele te kwalifiseer nie.
7. Dieselfde bepalings vir die beëindiging van volwaardige Solidariteit-lidmaatskap is van toepassing indien JW-lede hulle lidmaatskap wil beëindig.
8. JW-lidmaatskap is geldig tot en met die lid se 25ste verjaarsdag of die eerste betaaldag daarna.
9. JW-lidmaatskap word outomaties opgegradeer na volle Solidariteit-lidmaatskap op die datum soos deur punt 8 bepaal.
10. Dit is die lid se verantwoordelikheid om te verseker dat sy of haar kontakbesonderhede vir hierdie doel op datum bly.
11. Om vir die 20%-korting vir eerste jaar se studie by Akademia te kwalifiseer, geld die volgende standaard bepalings en voorwaardes vir hierdie voordeel:
 - 11.1. Lede moet reeds 'n volopbetaalde JW-lid wees teen die voorafgaande September van die jaar waarvoor daar vir die studiekorting aansoek gedoen word.
 - 11.2. Tot en met die ouderdom van 21 (een en twintig) jaar, kan die JW-lid vir hierdie studiekorting as deel van sy of haar ouers se Solidariteit-voordele kwalifiseer, maar sal dan nie vir die studiekorting onder JW-lid voordele kwalifiseer nie.





- 11.3. Lede moet vir die volle tydperk van die akademiese jaar waartydens die studiekorting geld, 'n volopbetaalde lid van Solidariteit bly.
- 11.4. Dit bly elke lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle lidmaatskapsgelede volopbetaal bly vir die tydsduur wat die studiekorting geld.
- 11.5. Geen aansoeker of lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om vir die studiekorting te kwalifiseer nie.
- 11.6. Die maksimum studiekorting is 20%, ongeag of die Solidariteit Boufonds of Solidariteit Regsfonds ook ondersteun word.
- 11.7. Die studiekorting is nie op aansoek-, eksamen-, en boekgelede van toepassing nie.
- 11.8. Die aansoek om studiekorting moet voor die aanvang van Akademia se akademiese jaar tydens Akademia se aanlyn aansoekproses gedoen word, en geen aansoek wat na aanvang van die akademiese jaar ontvang word, sal oorweeg word nie.
- 11.9. Die voorgenome student moet aan die toelatingsvereistes van Akademia voldoen.
- 11.10. Die studiekorting sal slegs vir die eerste jaar van studie geldig wees. Indien 'n eerstejaarsmodule herhaal word, of eers in die tweede jaar of later geneem word, sal dit nie deur hierdie korting gedek word nie.





SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

- 11.11. Studiekorting is 'n eenmalige voordeel, en sal nie op 'n tweede kwalifikasie van toepassing wees nie.
- 11.12. Hierdie voordeel kan sonder enige kennisgewing van jaar tot jaar deur Solidariteit opgeskort of verander word en lede sal geen reg of aanspraak op hierdie studiekorting teenoor Solidariteit hê nie.
- 11.13. Die volle studiekorting wat toegestaan is, word verbeur en is terugbetaalbaar indien daar nie aan die bepalings hieronder voldoen word nie:
- 11.13.1. Indien die student sy of haar studie staak.
 - 11.13.2. Indien die student nie die kursus voltooi nie.
 - 11.13.3. Indien die student van studierigting verander.



www.solidariteit.co.za

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: diens@solidariteit.co.za

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

Deel van die Solidariteit Beweging